| GRAAD 11 | KWARTAAL 2 | AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL SKRYF: OPSTEL EN TRANSAKSIONELE TEKSTE |
|---|---|---|

TOTAAL: 100 TYD: $2\frac{1}{2}$ uur

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer transaksionele teks (30)
   AFDELING C: Korter transaksionele teks (20)
2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   Gebruik 'n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde.
   Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elk van die afdelings skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word.
   Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd só:
   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute
8. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is. Skryf jou naam en van, die datum en die opskrif boaan elke afdeling.
9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk.
10. Skryf die getal woorde onderaan jou skryfstuk.
11. Skryf netjies en leesbaar.

# AFDELING A: OPSTEL

## VRAAG 1

- Kies EEN van die vrae hieronder en skryf 200–250 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die vraagnommer en die onderwerptitel boaan die blad.

1.1 **Vroegoggend ...**
Skryf nou 'n OPSTEL met hierdie titel. [50]

**OF**

1.2 **Die dag toe my selfoon my in die moeilikheid laat beland het.**
Skryf nou 'n OPSTEL met hierdie titel. [50]

**OF**

© e-classroom 2017

1.3 **Suid-Afrika is ons s'n om ŉ verskil te maak!**
Baie mense is negatief oor die toekoms van Suid-Afrika, maar jy voel baie sterk dat Suid-Afrika die land van geleenthede vir die nuwe generasie is.
Skryf nou oor jou standpunt. [50]


**OF**

1.4 **Die grootste druk in ŉ tiener se lewe is ...**
Dis moeilik om ŉ tiener te wees en ouers verstaan nie watter druk tieners ervaar nie. Skryf nou ŉ opstel met hierdie titel. [50]

**OF**

1.5 **Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf ŉ opstel daaroor.**
Gee jou opstel ŉ gepaste titel.

1.5.1 [50]



*(Uit: google.com)*

**OF**

1.5.2



*(Bron: Google Images)* [50]

**OF**

1.5.3



*(Bron: Google Images)* [50]

TOTAAL AFDELING A: 50

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN van die vrae hieronder en skryf 120–150 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die vraagnommer en die onderwerptitel boaan die blad.

2.1 **FORMELE BRIEF**
Jou bure hou elke naweek luidrugtig partytjie en jy is nou moeg daarvoor. Skryf ŉ formele brief aan die munisipaliteit waarin jy hieroor kla. [30]

**OF**

2.2 **ONDERHOUD**
Jy werk as ŉ joernalis. Voer ŉ onderhoud met ŉ bekende van jou keuse. [30]

**OF**

2.3 **HULDEBLYK**
Jou beste vriendin is onverwags oorlede. Jy is gevra om ŉ huldeblyk te lewer. Skryf die huldeblyk neer. [30]

**OF**

2.4 **DIALOOG**
Jy het al weer tot op die laaste nippertjie gewag om vir jou eksamen te leer. Jy WhatsApp jou vriendin paniekbevange. Skryf hierdie dialoog neer. Onthou om nie tekstaal te gebruik nie. [30]

TOTAAL AFDELING B: 30

© e-classroom 2017

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3:

Kies **EEN** van die vrae hieronder en skryf **80-100** woorde oor die onderwerp.

1. Lewer bewys van beplanning en redigering.
2. Dui duidelik aan watter een jou finale skryfstuk is.

3.1 **INSTRUKSIES**
Suid-Afrika ervaar tans ŉ watertekort. Jy voel baie sterk oor hierdie saak. Skryf nou instruksies waarin jy jou gesin opdrag gee oor hoe hulle water moet bespaar. [20]

**OF**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**
Jou ouers het jou pas in kennis gestel dat jy na die partytjie van die jaar kan gaan. Skryf nou ŉ dagboekinskrywing hieroor. [20]

**OF**

3.3 **E-POSBOODSKAP**
Jy het vergeet om ŉ taak te doen en wil nou ŉ e-pos aan jou onderwyseres skryf om uitstel te vra. Skryf hierdie e-posboodskap neer. [20]

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 100

© e-classroom 2017